

ONS GEE OM DEUR BARMHARTIGHEID

Woord van Barmhartigheid vir die maand

Ons kan nie maar net sê dat ons glo nie. Ons gedrag moet dit bewys.

Jakobus praat op 'n radikale manier oor geloof. Hy sê dat ons geloof dood is as dit nie ons dade bepaal nie. Dis soos 'n lyk wat niks kan verrig nie. Dan beteken ons geloof nie veel nie. Dit maak nie 'n verskil in wat mense sien en beleef nie. Ons geloof moet volgens Jakobus juis sodanig wees dat dit dinge laat gebeur vanweë die dade wat daaruit voortspruit. Dis eers wanneer ons geloof uitloop op dade, dat dit werklik geloof is.

Hierdie beginsel het belangrike implikasies vir ons lewenspraktyk. Ons kan nie maar net sê dat ons glo nie. Ons gedrag moet dit bewys. Om seker te maak dat 'n mens dit verstaan, gee Jakobus verskeie voorbeelde. So, byvoorbeeld, bewys die gebruik van ons tong dat ons glo. Of dat ons geloof dood is. As iemand sou beweer dat hy gelowig is, maar dit word nie sigbaar in die positiewe manier waarop hy sy tong bestuur nie, is sy geloof nog onvolledig. Dit het nog nie sy gedrag verander nie. *En daarom is dit dooie geloof wat niks kan verrig nie.*

Presies dieselfde geld van ons hantering van arm mense, mense ... *wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly* (Jak 2:15). Ons sou hulle maklik met vroom woorde kan troos: "Mag die Here jou seën! Vrede vir jou!" Miskien sou ons selfs vir hulle bid. Sonder dat ons iets aan hulle omstandighede verander. Wanneer ons wegstap, dink ons dan dat ons gedoen het wat die Here van ons vra. Terwyl ons nie werklik iets gedoen het nie. Dan het ons geloof weer eens nie ons gedrag verander nie. En was dit nie werklik geloof nie.

Geloof is net geloof wanneer dit ons gedrag verander. Ook vir soverre dit die maniere betref waarop ons ons geld verdien en bestee.

Gebed: *Maak my oë oop dat ek elke geleentheid kan raaksien waar my geloof die verskil moet maak in my optrede teenoor arm mense.*



NUWE BEDIENINGSTRUKTUUR (implimentering 1 November 2003)

1. AGTERGROND

- 'n Groot aantal gemeentes wat funksioneer met een ouderling en diaken per wyk beleef toenemende vakatures.
- Rietfontein-Suid het ook oor die jare heen toenemend hierdie probleem beleef.

- Ten spyte van alternatiewe voorstelle het Rietfontein-Suid verkies om tot nou by die bekende manier van werk te bly en probeer om die probleem aan te spreek deur: doelbewuste gebed vir hierdie saak; nominasies oop te stel vanaf gemeente; persone te nomineer sonder vooraf gesprek; bedankings met groter erns te hanteer; die gemeente beter in te lig oor die probleem en ook kerkraadslede te motiveer om nie maklik te bedank nie.

- Twee jaar gelede het die Kerkraad gevra dat ons nog 'n laaste keer sal probeer om die probleem aan te spreek sonder om enige verandering aan die bedieningstruktuur aan te bring. Dit was goedgekeur met die uitdruklike kwalifikasie: *indien ons nie aan die einde van 2001 die probleem effektief opgelos het nie, ons sal aanvaar dat die Here ons lei om op 'n nuwe manier die probleem aan te spreek en op te los. 'n Nuwe bedieningstruktuur sal dan ontwerp moet word.*

- Tans is die situasie van Kerkraadslede soos volg: 136 poste waarvan 74 gevul is, dus 62 vakatures.

2. BEGINSELS WAT AS UITGANGSPUNT DIEN VIR DIE NUWE BEDIENING-STRUKTUUR

2.1 Doeltreffende kontak en versorging

- Ten minste elke maand kontak met lidmate by elke adrespunt
- Meer as net formele insameling van dankoffers (omgee vir lidmate)
- Aanvaar eienaarskap vir die kleiner wyk (omvattende versorging)

2.2 Beter benutting van werkkragte/leiers (omgee vir lidmate)

- Een persoon bedien 'n (kleiner) wyk as 'n dienswerker
- Onnodige duplisering word uitgeskakel
- Elke ampsdraer se gawes word beter benut en ontwikkel

2.3 Doeltreffende kontrole en ondersteuning

- Kontrole ten opsigte van dankofferinsameling kan beter uitgevoer word, aangesien elke blok van dienswerkers deur 'n diaken, wat vir hulle verantwoordelikheid neem, ondersteun en bygestaan word in die uitvoer van hulle taak van dankofferinsameling.
- Elke blokdeel se dienswerker word deur 'n ouderling wat hoofsaaklik 'n aantal dienswerkers as sy wyk het, versorg en bedien.

2.4 Doeltreffende kommunikasie

- Elke blok se dienswerkers ontvang deur middel van hul diaken en ouderling (wat gereeld met hulle kontak het) alle ter sake inligting vanaf die kerkraadsvergaderings
- Dienswerkers gee alle sake vanuit hulle wyke, wat die Kerkraad se aandag moet geniet, skriftelik deur middel van die blok se diaken en ouderling deur (via die bediening) na die Kerkraad

2.5 Hanteerbaarheid

- Wyke word verklein tot ongeveer 5-8 adrespunte
- Dienswerkers woon nie Kerkraadsvergaderings by nie
- Bogenoemde twee vergaderings het in ander gemeentes tot gevolg gehad dat meer persone gewillig was om in die wyke te dien

2.6 Omgee kan beter tot uitdrukking kom

Aangesien dienswerkers minder vergaderingverpligtinge het asook eienaarskap vir kleiner wyke aanvaar, kan hulle meer tyd aan die bou van omgee-verhoudinge spandeer.

2.7 Veiligheid van dames

- Dames kan besoeke in die kleiner wyke reeds in daglig afhandel.
- Dames wat as dienswerkers dien hoef nie in die aande kerkraadsvergaderings by te woon nie.

2.8 Addisionele wyses van wyksindeling

Buiten die bestaande wyse van wyksindelings volgens bloke, word ook die opsie van wyksindelings volgens strate en omgeeselle oorweeg. (*Vir enige navrae kan u vir di. Tait en Van Heerden kontak.*)



GESINSBEDIENING

Vraag: Wat is die heel belangrikste tydperk in die geestelike opvoeding van 'n jong kind?

Antwoord: Elke tydperk is belangrik, maar ek glo dat die vyfde jaar dikwels die heel belangrikste is. Tot in daardie stadium glo kinders in God omdat hulle ouers vir hulle sê dit is die regte ding om te doen. Hulle aanvaar die werklikheid van Jesus soos hulle 'n storie oor Kersvader of die Paashaas sal glo – onkrities en onskuldig. Maar op die ouderdom van vyf of ses begin kinders meer dink oor wat ons vir hulle sê. Sommige kinders kom dan by 'n kruispad. Hulle begin óf internaliseer wat hulle geleer is en maak dit hulle eie, óf die Bybelverhale word vir hulle soos die ander fabels wat nie in die werklike lewe bestaan nie. Dit is die tyd waarin ons versigtig leiding moet gee by die huis en in die kerk.

Ek bedoel beslis nie dat ouers moet wag tot hulle kinders vyf of ses jaar oud is voor hulle begin met hulle geestelike opvoeding nie. Die jare ná hierdie ouderdomme is ook nie onbelangrik nie. Maar ek is oortuig daarvan dat ons ywerigste pogings in die gesin gemik moet wees op die kind van vyf tot ses en dat die beste kategete by die kerk met hierdie kinders moet werk. Daar sal nog ander kruispaaië ook wees, maar hierdie een is die belangrikste.


- **Dr. James Dobson**

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Werksklas 2003

Die werksklas is nog een van Diens van Barmhartigheid se vertakkinge wat bedien word deur vier helpers en drie afloshelpers. Bybel word gelees in verskillende Afrika-tale en die vroue neem deel daaraan. Afrikaans en Engelse lees- en skryfklasse word aangebied, hoewel daar tans net twee leerders is. Daar is plek vir meer leerders. Daar is sewe vroue wat naaldwerkklasse volg. Nadat hulle geleer is om met die naaimasjiene te werk, word hulle begelei om klere van hulle eie keuse te maak. Hierdie jaar het elke naaldwerkster tyd afgestaan om aan kinderklere te werk wat by voltooiing aan *PEN-aksie se kleuterskool* gegee is. Dit was die werksklas se bydrae tot die Barmhartigheidsjaar.

OMGEESELBEDIENING GETUIENIS EN UITNODIGING



Die Filadelfia-omgeesel

In Maart 2003 het Petrus-omgeesel die pynlike ervaring gehad om te verdeel. Die tyd wat die vermenigvuldiging voorafgegaan het, was nie maklik nie, maar ons glo dat die voorbedding en gesprekke almal voorberei het en dat die Gees ons gelei het om in gehoorsaamheid en geloof op te tree. Uit hierdie pyn wat die verdeling vooraf gegaan het, het daar soveel seën en vreugde van die lede van die jongste omgeesel in Rietfontein-Suid, Filadelfia wat broederliefde beteken, gevloei. Daar het 'n nuwe dinamiek in die pas gestigte sel ontstaan wat sekerheid gegee het dat die verdeling moes plaasvind.

In die kleiner groep het almal nou die vrymoedigheid om hul opinies te lug en dus is al die lede nou meer betrokke tydens besprekings. Omdat die groep klein is, kry ons 'n getrouer bywoning van die byeenkomste.

Die groep bestaans tans uit drie egpare. Bez (leier) en Connie Bezuidenhout, Ian (hulpleier) en Anette Fensham, Willie en Marie Smit (verantwoordelik vir lief en leed) en Allan Prentice. Intussen het Hantie Spies ons ook om besoek en glo en vertrou ons dat sy ook permanent by ons sal inskakel. Intussen hou ons 'n stoel oop tydens elke byeenkoms vir nuwe lede. Ons wil steeds uitreik na buite en mense trek met die liefde van Christus na die Lig.

Ons moet steeds onthou dat die Nuwe Testamentiese Christelike gemeentes ontstaan het as klein groepies gelowiges en dat die geestelike reus, Paulus (toe nog Saulus) deur Barnabas as nuweling in die geloof, ingeskakel is in die 'omgeesels' van apostels (Handelinge 9:26-31) om sodoende sy groot evangelisasie taak te kon uitvoer.


Foto: Afwesig: Willie Smit -



BEDIENING VIR FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Kragtens die Kerkraad se begroting vir die boekjaar 2003/2004 bestaan die Gemeente se totale begrote inkomste van byna R1,3 miljoen uit:

- *Maandelikse dankoffers, 54%*
- *Offergawes by eredienste, 7%*
- *Sinodale kollekties by die deure, 2%*
- *10de-maand dankoffer, 6%*
- *Verhuring van saal, kategeselokale en Ekklisia, 20%*
- *Kermis ander fondse, 6%*
- *Alle bedieninge, 5%*



Maandelikse dankoffers toon 'n lae groei van nouliks 4% sedert verlede jaar terwyl die Erediensoffergawes vir die eerste drie maande van hierdie boekjaar vanaf 1 April tot 30 Junie met 2% gedaal het.

Met steeds stygende personeeluitgawes, munisipale heffings, algemene administrasie asook die onderhoud en herstelwerk aan kerklike eiendomme, is dit uiters noodsaaklik dat elke lidmaat weer gaan kyk na sy of haar finansiële bydrae tot die Gemeente se fondse. Twee baie belangrike aksies waar elke lidmaat se ondersteuning onontbeerlik is, is die kermis op 6 September en u ruimhartige bydrae tot die 10de-maand dankoffer.

Ons vertrou op ons Hemelse Vader dat Hy in sy liefde en trou ook in hierdie boekjaar in die Gemeente se finansiële behoeftes sal voorsien.

Aan Hom al die eer!

Fondsinsameling ten bate van Brood vir Nood - GRAFSTEENGANGERS – “Die Honeymoon is verby”



Datum: 10 Oktober 2003

Tyd: 19:00

Koste: R35 per persoon

Waar: kerksaal

Navrae: Sonja Jacobs 331 2318 / Celia Boooyse 083782 2611 / 330 0773 / booysegc@lantic.net

Wees voorbereid want: kerrie en rys / pannekoek / koeldrank sal vanaf 18:00 asook tydens pouse te koop wees -